**Van Opelyf en Polisieman grappies.**

Dis nogaal ‘n interessante woord vir so ‘n onsmaaklike deel van mens- en dierwees: Opelyf. Nogaal beskrywend as mens daaraan dink. En met meer as een aanwendings moontlikheid – veral as mens begin om aan politici te dink… Dan werk die woord merkwaardig goed (kug) twee kante toe. Nogaal ‘ambidextrous’,…

Ek dink nie ek het die woord geken in my skool- of weermag dae nie. Daar was ander woorde en beskrywings en insinuasies en verwysings vir dieselfde proses.

Die woord het vanmiddag weer by my opgekom.

Sien, my honde het my kom haal vir hulle gebruiklike stappie. Die Staffy en Jack Russel wéét wanneer dit omenby sesuur is: Stappie tyd. Dan word ek met twee gesiggies aangegluur wat se uitdrukking losweg vertaal in *“Vat ons om te gaan stap, of ons bel die SPCA en Childline!”*

Soos mens ouer raak, raak roetine ‘n vreemde, ding. Ek het die laaste tyd opgemerk die gebruiklike stappie lewer so paar gebeurtenisse op waarop ‘n mens absoluut kan staatmaak: Eerstens sal die Jack Russel vir so paar sekondes die mees irriterende, histeriese gejêp kwytraak, millisekondes nadat ek haar leiband in die wingerd voetpaadjie losgemaak het, en soos sy soos ‘n besetene in die vreemdste patrone rond hol.

Tweedens sal die Staffy my vir die soveelste keer verbaas met sy absolute minagting vir enige iets waarom hy kom hol – o nee! – hy sal oor- of deur dit hol. En dan – … jammer hiervoor: die gebruiklike opelyf verskynsel.

Daar is iets in daai hond wat die mees indrukwekkende opelyf inspireer sodra hy so paarhonderd tree gehol het. Meer as een keer per stap sessie. En elke keer wonder ek hoe dit werk – want gegewe die gelewerde getuienis, is daar net een verduideliking: Die hond se binnekant moet aansienlik groter wees as sy buitekant. Daar’s geen ander verklaring nie.

Gedagtig aan die galgehumor gebeurtenis, dink ek toe weer aan ‘n ou univeristeits maat: Div. (om ooglopende redes – nie sy regte of byaam nie) (Ons het dit DIFF uitgespreek (hier jok ek ook so bietjie) – soos ‘n kar se ratkas gedoente.)

Ek weet tot nou toe nie wat sy regte naam was nie, maar ‘Div’ was ‘n unieke en baie eiesoortige verskynsel. Hy was lewende bewys dat daar verskeie heelalle in dieselle houer tuisgaan – die feit dat sommige mense net 7 kleure in die reënboog kon raaksien, was hulle probleem – nie Div s’n nie.)

Ek het so tydjie nadat ek die Staffy se minagting van fisika geloop en bedink het, begin wonder hoekom dit my aan Div herinner het.

Toe onthou ek.

Maar kom ek bring jou eers in die prentjie oor Div, en sy unieke vermoeëns:

Div het enersyds ander horlosies en tye en getye en sonopkomste en ondergange eerstehands ervaar. Hoe de hel hy met daai unieke persepsies deur 2 jaar se weermag kon kom, sal vir ewig ‘n raaisel bly. Die weermag was nogaal eng in daardie opsig.

Byvoorbeeld: Een middag kom hy – midde-in die eksamen – in ons koshuis kamer in, en verklaar hy neem verlof.

George vra toe – “soos vakansie?” “Ja” sê Div. “Ek neem nou vakansie. Soos die ryk mense.” “Is jy dan al klaar geskryf?” vra George toe. “Ja” sê Div toe – “netnou al.” “Ek bedoel eksamen, Div” sê George toe. “O.” sê Div toe – “Ek is nie seker nie.” “Nou moet jy nie eksamen skryf as jy eendag wil klaarmaak met hierdie storie nie?” vra George toe. “Nognie so daaraan gedink nie.” sê Div toe.

“Maar hoe dit ookal werk, ek gaan nou vakansie neem.” verklaar Div toe. “Waarheen gaan jy?” vra George toe. “Hierheen.” sê Div toe. “Hierheen?” “Ja, jou bed is altyd so mooi opgemaak.” “Div, jy kan nie op my bed vakansie hou nie”. “Hoekom nogaal nie?” “Want ek leer – soos jy kan sien – reg langs hom, en as ek klaar is, wil ek op my kooi slaap. Alleen. Of as dit nie alleen kan wees nie – nie saam met jou nie.”

“Maar ek kan nie ‘n ander bed in een van daai fênsie plekke bekostig nie” bekla Div sy lot toe. “Loop leer dan, en kry graad, en dan ‘n job, dan kan jy.” stel George toe voor. Div verklaar toe hy hou nie van George se voorstel nie, en loop toe.

Maar nie weg nie.

Vyftien minute later was Div terug in ons kamer. Kompleet met ‘n enorme strand sambreel, emmer (ek is nie seker hoekom die emmer vir hom belangrik was nie)

sonbrand room, sulke bont surfer ‘baggies” en twee kiste bier. Daais met die 24 botteltjies in.

Div het vir drie dae op George se bed gebly. As hy nie bier gedrink het nie, het hy geslaap. En vir hom sonbrand goed aangesmeer onder die oopgeslaande sambreel wat se een kant op ons gedeelde yskas gerus het.

Ek het geen idee waar George geslaap het nie, maar dit was nie daar nie. Na drie dae het Div verklaar sy verlof is oor, en dat hy sal gaan hoor oor siektetoetse en sulke goed.

Hy het sy sambreel afgeslaan, die lëerskare ‘empties’ in die kiste gepak, sy sonbrand goed gevat, en terug geloop na sy kamer toe – twee deure verder af in dieselfde gang.

Div se eiesoortigheid- en talente het nie daar geeïndig nie.

Om weer – vir konteks, sien, - die spreekwoordelike treë terug te vat - … In my ervaring was Universiteit is ‘n plek van Wysbegeerte. Sommiges het gewys. Ander weer, het begeer. Nougeset, en met indrukwekkende toewyding.

Die een kampie – die wie gewys het, was weer opgedeel in kleiner groepies. Heel, heel, heel bo-aan daai groep was die absoluut onaantasbares: Vroumense so mooi en perfek dat hulle met gate in hul voete op water sou kon loop. Of teen styl bulte kon opgly.

Die tipes waarna ek nou verwys het jou mond laat droog word, en jou oor woorde laat stotter het – en dan was jy nie eers in hul geselskap nie – of binne 50 seemyl nie. Kortweg – hulle was so mooi en perfek en ongeskonde dat die kanse op (eie) swangerskap aansienlik hoër was as om ooit, ooit, ooit saam met haar op ‘n ‘date’ te kon gaan. Selfs vir haar skadwee om oor jou eie onverdienstelike skaduwee te streel, was hopeloos te veel gevra: Die heelal is vir NIEMAND so oophandjie nie: Niemansland.

Wel, dit was die status quo totdat Div in die prentjie verskyn het.

Met eentonige reëlmaat het die karnallie nie net met die onaantasbares gestaan en praat nie, sommiges is – met getuies wie dit hand-op-bybel kon staaf, in sy unieke karretjie opgemerk, waar hy hulle gou huistoe, of winkel toe, of strand toe, of die-Vader-Alleen-weer waarheen geneem het. Asof so iets naastenby normaal is!

Kyk, daar was eenparige konsensus: Hy kòn die ys breek. Dit was heelwat meer as wat die res van die koshuis kon sê.

Die enigste probleem was skynbaar dat sy senuwees hom dan soms na so ys-brekery effe ingehaal het. Baie soos as ‘n trop Rottweilers ‘n haas inhaal. Met soortgelyke gevolge.

‘n Man is immers nie ‘n klip nie. Dan het daar effense paniek by Div posgevat, vrees het hom beetgepak, en dan het hy hom – soos dit ‘n ras-egte koshuis man betaam - tot hulp gewend: Eerstens na ons – vir raad – en … dan na brandewyn. Vir moed, inspirasie, en persoonlikheidsverryking.

Gedagtig aan die hond, dink ek toe vanmiddag weer aan twee gebeurtenisse waar Div wonder bo alle wonders ‘n afspraak met Mejuffrou Heelal vasgemaak en beklink het.

Die eerste keer het die noodlot, en ‘n vreemde versameling strepies tot Div se redding gekom:

Sy afspraak was vroegaand. Die effense komplikasie was dat daar dieselfde dag ook ‘n klubhuis “geselligheid” was, wat die romantiese afspraak voorafgegaan het.

Ons koshuis het ‘n klubhuis oorkant die pad gehad – kompeet met so dans-saal, swembad, mooi groot grasperk, braai geriewe, lekker klank stelsel, en… ‘n kroeg. Net so om die heel ergste ontwatering die spreekwoordelike hoof (lippe eerste) te bied.

Nou om nie ongesellig voor te kom nie, het Div ons met sy teenwoordigheid vereer voor die groot afspraak, en voorgenome kennismaking met die ouers van Mejuffrou Heelal.

Net om die ouens wie in die kroeg loop diens doen het nie by wyse van spreuke in die gesig te vat – of om voor te kom asof ons hulle onbaatsugtige opoffering nie waardeer nie – het ons maar so net na 10uur die oggend oorgestap klubhuis toe. Div se afspraak was so sesuur dieselfde middag.

Liewerlei het pêrels van wysheid hul pad (weens ons gesamentlike gees van omgee) na Div gevind. So teen vyfuur het hy gaan stort, en by een ou ‘n leer baatjie geleen vir die belangrike afspraak. (Die leerbaadjie was verby ‘chic’ – vir baie van ons was sokkies en selfs ‘n sakdoek daai jare ‘n luukse.)

Om halfses kom ek toevallig by Div verby gestap waar hy by die tiekieboks by die koshuis se een ingang staan om die fraaie godin te bel vir aanwysings. So in die verbyloop merk ek toe op Div ervaar teëspoed: Hy het die telefoon nommer op so papiertjie neergeskryf gehad, maar het elke keer na die verkeerde nommer deurgekom.

Die ding van meeste telefoon nommers is dat die goed nogaal puntenerig is om in presies die regte volgorde geskakel te word. As daar byvoorbeeld agt nommertjies is, moet hulle in ‘n spesifieke volgorde agtermekaar (en binne ‘n billike tydsverloop ook) gedraai word, om die gewensde effek te hê. Dit was op daai stadium vir Div ‘n irritasie en onnodige proses wat net tot senuwees gelei het. Omtrent R2.40 se twintigsent stukke later, het ek gevra of ek kon help.

Div het “ja” gesê. Ek het dit met die tweede of derde probeerslag reggekry. Die niggie het geantwoord. Ek het die gehoor gedoente vir Div aangegee.

Hy druk toe die papiertjie waarop die nommer was met sy voorkop teen die muur voor hom vas, en teken die padkaart soos die niggie die roete vir hom verduidelik het.

Toe hy klaar is, vra ek hom of alles nou reg is. Hy sê toe ja. Ek vra hom of hy die plek sal kry. “Ja” sê hy, en wys die padkaart wat hy geteken het vir my. Ek het die ding so tydjie gestaan en kyk, en toe vra ek ‘n moeilike vraag:

“Moet die strepies van die paaie nie aan mekaar raak nie?”

Daar was ‘n klomp strepies – toegegee – maar hulle het nêrens aan mekaar geraak of gekruis of so nie. Afhangende van hoe ons die “padkaart” gehou het, was daar net ‘n klomp reguit en krom strepies – almal losstaande. Ek vra Div toe op ‘n stadium – “watter kant is nou weer bo?” Div het gesê hy sal dit uitwerk soos hy ry.

Hy was so net na middernag terug by die koshuis. Ons het hom gevra hoe die afspraak was. (Ons het sonder uitsondering wakker gebly om die detail eerstehands aan te hoor) Hy sê toe sy petrol het so teen elfuur opgeraak – toe het hy steeds gesoek, maar hy vermoed hy was naby haar huis.

Daar was blykbaar nie ‘n opvolg afspraak nie.

Die ander keer was Div minder gelukkig: Hy het die plek opgespoor. Hy het agterna ook gewens hy het nie.

Hy het weer ‘n afspraak met ‘n godin beklink: Vir Sondag middagete. Na Kerk. Saam met haar familie. Mmmmm….

Hy het weer die leer baadjie gaan leen. Die keer het hy voor ‘n klubhuis gesellligheid ‘n padkaart neergeskryf – een waarvan die oorgrote meerderheid strepies hierdie keer aan mekaar geraak, en gekruis het. Met ‘n ‘X’ aan die einde – aan die ander kant van die kol met “K” op – wat waarskynlik ‘koshuis’ verteenwoordig het.

Hy het ons agterna vertel hy het by sy aankoms al effe ongemaklik begin raak.

Enersyds het dit gou duidelik geword dat die fraaie godin niggie ‘n groot familie het. Gemeet aan die 20 of so karre voor in die straat, was dit ‘n redelike afleiding. Die aaklige vermoede is toe bevestig toe die godin niggie die voordeur opmaak, en toe hy oor haar skouer na 40 stuks mense kyk.

Die mans het almal drie-stuk pakke aan gehad. Sonder uitsondering het elkeen ‘n moerse snor gehad. Die vrouens het sonder uitsondering formele rokke aan gehad – met pêrels en ghrênd skoene. En – soos my ouma sou sê “gedoende” hare. Div het ‘n kakie broek en blou leerbaadjie aangehad…En vellies.

Div sê hy het ook opgemerk dat as die godin se pa gepraat het, net NIEMAND gepraat nie. Of asem gehaal nie. Of oë geknip nie. Niemand.

Hy vertel verder dat hy op ‘n kol buite opmerk die hond jaag die mense se kat – net tot hulle deur die gaste se gesigsveld kom – toe stap beide. In gelid, en stadig.

Soos die sosiale temperatuur en ongemak op Div bly neersak, besluit hy toe om die ys bietjie te breek met ‘n ou skadelose grappie. ‘n Skoon enetjie. Hy sê NIEMAND het eers geglimlag nie. Hy doen toe die onafwendbare: Vertel ‘n beter grappie. Weer dieselfde reaksie: Niks.

Hy sê dis toe dat die godin niggie se ma die gaste tafel toe roep – so blink gepoetste banket grootte tafel wat ‘n leërskare kon huisves, en voed. Nadat die gaste begin eet het, besluit Div toe om te volhard met sy pogins om humor na die behoeftiges te bring.

Dit was tyd vir sy ‘A-game’: Polisieman grappies. Elke keer ‘n wenner.

Na sy derde probeerslag besef hy toe: Sy hand word effe geforseer, en dat dit tyd was om op te hou speel: Dit was dyt vir DIE polisie man grappie:

*Koos kom doen aansoek vir 'n lenig by die Poskantoor. Die klerk vra hom: "Wats jou naam?" Hy dink so tydjie en begin vir himself sing: "Happy biffday to yooo, happy biffday too yoooo, happy biffday deer Koos…" "KOOS!!! KOOS" gil hy. My naam is KOOS!" "Waar werk jy?" "By die poliethie!" "Watter afdeling?" "Intilligenthie!"*

…..

Niks.

Nada.

Nie 'n woord nie.

Ook geen oogkontak nie.

Doodse.

Absolute

Stilte.

Hy sê een of twee van die tannies het so ongesiens moontlik 'n sweet pêreltjie van 'n stywe bo-lippie met so geborduurde sneesdoekie afgedruk-druk.

Na die ete kry godin niggie vir Div om 'n hoekie beet – bykbaar halfpad histeries, en meer 'ferral' as wat die dorp se groukatte saam kon namaak. Toe eers besef hy waar sy probleem lê:

"My pa is 'n Polisie Generaal", gil sy. "Al my ooms is brigadiers en kolonelle!!! Elke MAN in die fokken vertek is 'n donnerse senior polisie offisier!!!!"

Dinge raak toe effe erger:

Sy vra hom toe met 'n kyk wat die pole (beide – en gelyk) kon smelt: "Vir wat hou jy nie op nie??? Ek skop die kak uit jou uit onder die tafel, en jy fokken vertel voort!!!"

Dis toe Div aan haar moes erken:

"Dit was nie vir my wat jy geskop het nie."

Toe – en dis waar die hond my aan Div se ete afspraak laat dink het – besef Div die natuur roep nie. Dit gil. Op hom. Om NOU te gaan.

Hy sê die paniek reaksie was absoluut kompleet. Sy handpalms was skielik papnat, koue koors het ingeskop, naalde en spelde in sy bene…. en die ABSOLUTE, ondubbelsinnige, en kristalhelder wete:

Hy moet NOU by 'n badkamer kom. Soos in gister. Of nog beter: Laasweek.

Hy het vlouweg rigting gevra.

Sy het verslae rigting aangedui.

Hy sê hy's badkamer toe met een van daai benoude skuifel stappies waar jy nie jou een voet verby die ander laat sleep nie – die gevolge sou heeltemaal ondenkbaar wees. Hy sê bo alle verwagtinge het hy die privaatheid van die badkamer bereik. Boonop kon hy daarin slaag om agter 'n geslote deur stelling in te neem. Op die aangeduide, korrekte, en gewensde toestel.

Hy sê wat volgende gebeur het, was 'n eerste vir die ganse menswese: vanaf die Big Bang, tot toe.

Hy vertel die ding wat hy daai dag gepasseer het, het 'n krieketkolf se handvatsel in alle aspekte oortref. In ALLE opsigte. Hy vertel die leunende toring van Pisa het net in kleur afgewyk van die monster wat hom daai dag verlaat het.

Toe skop realiteit na die soveelste skok in: Die "evidence" moet weggespoel raak. Daar tree die soveelste probleem vir die dag toe in: Dit wat hom (letterlik) in die gesig gestaar het, was in alle opsigte spoel-bestand. Dit was na die sesde spoel poging vir Div baie, baie duidelik. Pisa was daar om te bly. Net daar. Vir ewig. En ten aanskoue van almal wie vir die volgende 20 jaar van die 'geriewe' sou wou gebruik maak.

Toe gebeur die volgende absoluut ondenkbare – wat toe Div se volgende, en soveelste naakte paniek reaksie ontketen: Mense begin aan die deur klop, en vra of hy wel is. (Miskien het van die gaste die som gemaak dat hulle in sy posisie selfmoord sou gaan pleeg het deur hulself in fyn stukkies op te kerf, en stuk-stuk weg te spoel.)

Rou paniek kry toe weer die oorhand. En rou paniek is niemand se maat nie – veral nie as die helfte van die ganse polisie mag voor jou kleinhuisie deur staan, en navraag doen oor jou welstand nie.

Div doen toe die enigste ding wat hy gedink het sy laaste greintjie selfbeeld moontlik kon red: Hy gryp toe vir Pisa met sy kaal hande, en smyt die verradelike ding by die venster uit.

Div sê hy weet nie wat die ergste was nie: Dalk was dit die skok toe hy in die tuin aankom, en hom vasloop in die kollektiewe, gefokusde gluur van 20 polisie manne om die Generaal.

Of dalk was dit die kyk van die Generaal – toe hy deur die brigade-sterkte groep glurende polisie manne kyk, die Generaal raaksien, oogkontak maak, ….en besef - hy het die oom met ‘n voltreffer raakgegooi.